

## GEES VAN DIE WAARHEID: Werksblad

1. Kom ons begin by die begin. Die Gees van waarheid kom en getuig van die WAARHEID oor Jesus aan elke persoon op aarde, wat is die waarheid wat elke persoon moet weet? Lees Joh 15:26 en Hand 5:32,32 sal help met antwoord.

**Joh 15:26- Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.**

**Hand 5:30,32- Die God van ons voorvaders het Jesus uit die dood opgewek nadat julle Hom vermoor het deur Hom aan die kruis te hang. En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan die wat aan Hom gehoorsaam is.**

2. Dink julle dat elke persoon in die werêld die waarheid ken? Lees Gal:16[a],19-21.

**Gal 5:16[a], 19-21- Laat julle lewens steeds deur die Gees van God beheers word. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusie, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al derglike dinge**

3. Ons as kinders van God 'n taak om mense daar buite reg te help en die waarheid aan hulle te vertel. Ons kan dit egter nie uit ons self doen nie wie kan ons help met die WAARHEID? Lees Joh 16:13.

**Joh 16:13 - Wanneer Hy kom, die Gees van die WAARHEID, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sê, sal nie van Homself kom nie. Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.**

4. Hier is 'n paar voorbeelde in ons daaglikse lewe waarmee ons almal sukkel en ons weet nie altyd wat is die waarheid en wat is die leuen nie. Kom ons laat die Gees ons leer uit Sy woord wat die waarheid is.

LEUEN	VERS	WAARHEID
<p>4.1 Ek kan maar verkeerde dinge doen in die geheim solank niemand my sien nie is ek veilig.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- rook,drink</li> <li>- saamslaap</li> <li>-pornografie kyk</li> </ul>	<p>Jes 29:15            Ellende wag vir die wat dink hulle kan hulle planne diep wegsteek vir die Here, hulle wat besig is om dinge in die donker te doen en dink: wie sien ons? Wie weet van ons?</p>	
<p>4.2 Ek kan maar glasier, glasier speel, ek kan maar na 'n waarseer toe gaan [ dus mense wat jou palm van jou hand lees of jou toekoms met kaarte wil voorspel], ek kan maar die sterre voorspel lees.</p>	<p>Lev 19:26[b],31            Julle mag nie waarsêery en towery beoefen nie. Moenie hulp soek by geeste of waarsêers nie. Dit sal julle onrein maak. Ek is die Here jul God.</p>	
<p>4.3 Ek kan nie help om te sondig nie dus nou maar wie ek is.</p>	<p>Rom 8:5,10,14            Die wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, MAAR die wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.            Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vrypraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. Almal wat hulle deur die Gees laat lei, is kinders van God.</p>	